Tema: Slegs deur Jesus se vergewende liefde kan ’n loënaar ’n leier word – kan ’n sondaar diensbaar word.

Vooraf sang
Lied 241: 1,2,3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 12 - 4: 1 (Mel Ps 145)
Votum
Groetseën
Sing Lied 428: 1,2,3,4.

Woorddiens
Gebed
Skriflesing **:** Lukas 22:31 - 34 en 54 - 62
Teksvers: Lukas 22: 60 - 62
Sing Lied 510: 1,2,3,4
Woordbediening.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawe
Gebed vir BnB (Maak ons gehoorsaam)
Sing Sb 12 - 6: 1,2,3,5. (Mel Ps 100)
Seën
Amenlied Sb 13 - 2.

En Jesus het omgedraai en Petrus aangekyk.....

Geliefde brs. en srs. en liewe kinders

Hierdie oomblik tussen Jesus en Petrus waarin hulle oë ontmoet na Petrus verloëning is een van daardie momente in die Bybel waarin ons vasgevang word in die misterie van die verhouding tussen God en mens. Dis ŉ oomblik waarin die tyd stilstaan. Dis asof die tyd gevries word en ons in daardie oomblik van oogkontak iets geleer word van die onbeskryflike genade van God en aan die ander kant die sondeverlorenheid van die mens.

Jesus en Petrus. Hulle oë vasgevang in mekaar se kyk! In een oomblik word die hele lewe van Petrus vir ons geteken. Petrus, die eerste dissipel wat Jesus roep om Hom te volg. Dit was in sy skuit wat Jesus geklim het en hulle die opdrag gegee het om die nette in te gooi toe die wonderlike visvangs gebeur. Daardie eerste dag was dit Petrus wat so deur Jesus se Almag oorweldig is, dat hy vir Hom gesê het: “Gaan weg van my af Here want ek is ŉ sondige mens!” Hoe profeties was hierdie woorde van Petrus nie met betrekking tot hierdie oggend se gebeure nie...?

Petrus die eerste geroepe dissipel wat ook ŉ leier van die dissipels sou word. In die binne-kring saam met Johannes en Jakobus. Voortvarende Petrus! Petrus wat bevoorreg was om saam met Johannes en Jakobus openbaring en leringe te ontvang wat die ander nege dissipels nie gesien of gehoor het nie! Hy was saam met Johannes en Jakobus bevoorreg om Jesus op die berg van verheerliking te sien saam met Moses en Elia. Petrus, die begenadigde, wat in antwoord op Jesus se vraag namens die 12 dissipels antwoord en sê: “U is die Christus, die Seun van die lewende God”.

Petrus, die een wat Jesus een kant toe neem en berispe omdat Jesus gesê het dat Hy moet ly en sterf. Petrus wat aanvanklik weier dat Jesus sy voete was. Petrus die een wat swaarde bymekaar maak om te veg.

Petrus, vir wie Jesus vroeër daardie nag gewaarsku het dat hy Jesus drie keer sou verraai en toe met groot bravade gesê het dat al die ander dissipels dalk die Here sou verraai maar Hy sou dit nooit doen nie!

En daar gebeur dit ook so sonder dat Petrus dit amper besef. Drie keer deur die verloop van die vroeë oggendure se verloop word Petrus gekonfronteer dat hy ook een van Jesus se dissipels sou wees en 3 keer ontken hy dit heftig. Die derde keer deur homself te vererg en te vloek!

En dan kraai die haan en Petrus onthou.....

Geliefde brs. en srs., Petrus staan op hierdie moment in vir my en jou! Hy staan daar in die lig van die vuur met sy oë vasgenael op Jesus as simbool van ons mense met ons sonde en ons swakheid.

Ek en jy ken ook hierdie momente in ons verhouding met die Here. Daardie oomblikke van sondebesef waarin ons met skaamte moet erken: ek het weer gefaal! Ek het my van harte voorgeneem en tog het ek weer gesondig! Daardie moment waarin jy in God se oë kyk en jou oë in skaamte laat sak. Ek is jammer Here!

Vanoggend by die Nagmaal het ons ook so ʼn "in-die-oë-kyk" moment met Jesus beleef. Die brood en die wyn is immers die sigbare tekens van Jesus se offer ter wille van ons. Dit is asof ons Hom deur die sigbare tekens in die oë gekyk het.

Br. en sr. wat het God vanmore in jou oë gesien? Was daar ware berou oor jou sonde en jou mislukkings? Het dit ook vir jou gevoel asof jy God eintlik nie in die oë kan kyk nie? As jy dink aan al jou geleenthede, al jou gawes, jou roeping en jou taak en hoe ons God voortdurend daarmee teleurstel? Ja, dat ons soos Petrus in trane wil uitbars omdat ek weet ek is diep in my wese swak en sondig!

Want, geliefdes, sonde is nie maar net ʼn misstappie in die verkeerde rigting nie! Sonde is nie maar net die oortreding van ʼn reël nie! Sonde is verraad! Jy en ek verloën die Here elke keer wanneer ons sondig! Sonde is persoonlik! Dit gebeur persoonlik in ons verhouding met God en dit is ʼn dolksteek in die hart van God! En ons moet dit weet!

Geliefdes, Petrus moes by hierdie punt kom. Die Here Jesus kon Petrus nie as kragtige instrument in sy hand gebruik as Petrus nie eers by hierdie punt van die besef van sy sonde en mislukking gestaan het nie. Daar waar hy in die donker van die nag invlug, daar sou Jesus hom moes gaan haal.

Want nou kon Jesus hom begin optel en leer waar sy krag waarlik lê.

Br. en sr., wat sou in Jesus se kyk gewees het? Wat was dit in daardie kyk wat Petrus laat uitstorm om in ʼn trane van berou uit te bars? Hoe dink jy.....?

Ek dink Jesus se oë was vol begrip, vol liefde en vol vergifnis! En juis dit het Petrus die nag laat invlug! Hoe kan die Here my steeds liefhê ten spyte van al die kere wat ek Hom teleur gestel het? Hoe kan daar vir my, wat so aanhou sondig, steeds genade en vergifnis wees? Ek wat ʼn paar uur gelede vol bravade aangekondig het dat ek die Here Jesus nie sal verraai nie en hier doen ek dit voor die son opkom! Drie keer.....

Geliefdes, in hierdie moment tussen Jesus en Petrus word God in Christus vir ons geteken as ʼn liefdevolle en genadige God! ʼn God vol begrip vir ons mense en ons swakheid en sonde! Was dit dan nie Jesus wat Petrus gewaarsku het teen sy gebreke nie? Was dit nie Jesus wat die dissipels gewaarsku het dat die duiwel hulle gaan vervolg nie?

Jesus moes juis die pad van die kruis loop sodat Hy vergifnis vir ons kon bewerk! Petrus kon hom nie keer nie en die Satan kon Hom ook nie keer nie! Want Jesus het geweet dit is wat ons nodig het! Sonder sy genade, sonder sy vergewende liefde kan ons nie iets vir Hom beteken nie. Sonder die kruis is daar nie vir ʼn sondaar hoop nie!

Juis op grond van die kruis was en is daar vir Petrus en vir my en jou genade! Kan ons in diens van God staan! Slegs deur Jesus se vergewende liefde kan ŉ loënaar ŉ leier word – kan ŉ sondaar diensbaar word. Kan Petrus van ŉ loënaar ŉ leier in die kerk van die Here word! Kan ons sondaarmense in diens van God staan.

Onthou julle aan watter dissipel het Jesus heel eerste verskyn na sy opstanding....?Ja, aan Petrus! Die Bybel vertel ons niks van daardie ontmoeting nie, maar ŉ mens kan jou die gesprek indink. “Here Jesus, ek is so jammer dat ek U verloën het, wees my genadig en vergewe my tog Here”. En Jesus se antwoord: “Toemaar Petrus, ek verstaan, ek het geweet dit gaan gebeur en daarom het ek aan die kruis vir jou gesterf sodat jy vergewe kan word en kragtig in my diens kan staan”.

Die versoening tussen Jesus en Petrus moes baie innig gewees het. Want ons lees dat toe Jesus weer by die see van Galilea aan die dissipels verskyn terwyl hulle besig was om vis te vang, dat toe Petrus besef dit is die Here, trek hy sy klere uit en spring in die water om so gou moontlik by Jesus te kom. Hy was bly om die Here weer te sien – sy saak met Jesus was reg!

En dan: daar in die kring van die 11 – daar herstel Jesus vir Petrus tot leier. Petrus het Jesus drie keer verloën, en drie keer moes Petrus sy liefde vir die Here verklaar. Nou is Petrus gereed om Jesus te dien. Nou dat hy sy eie swakheid ken en weet dat dit alleen op grond van die genade van God is dat ons kan dien!

Dieselfde vir my en jou br. en sr.! Vanoggend se Nagmaal was weer so persoonlike ontmoeting met Jesus waarin ons met ons swakheid en sonde vol berou kon staan, maar ook die wonder van genade en vergifnis kon leer ken! Nou kan ons die Here dien omdat ons weet waar ons krag lê – nie in ons eie vermoë nie – maar in die genade en liefde van God.

En nou kan ons kragtig optree in die Gees van God. Soos Petrus, vervul deur die Heilige Gees, op Pinksterdag ŉ kragtige preek lewer en 3000 mense tot bekering kom! Dit is die liefde en genadewerk van God in die lewe van mense! Ook my en jou lewe! Nou kan ek en jy die Here dien want sy genade is vir ons genoeg.

Amen